

SESSIE 2. Die politieke, ekonomiese en godsdienstige konteks van die Babiloniese ballingskap (597-539 vC)



'n Paar gedagtes uit sessie 1 om van kennis te neem:

- Alhoewel die gebeurtenis van die Babiloniese ballingskap net in enkele verse in die Bybel beskryf word, het dit grootliks tot die inhoud van die Ou Testament bygedra. Priesters wat in die ballingskap weggevoer is het ou geskrifte vanuit die tempel met hulle saamgeneem. In die ballingskap is, hierdie dokumente herinterpreteer (redaksie ondergaan) en het 'n gedeelte van die Ou Testament tot stand gekom het.
- Ballingskap is die verlies van 'n tuiste wat saamloop met sterk emosies wat ons geloof oorskadu. Die ballingskap verhaal in die Bybel lewer getuigenis van hoe God mense deur transisies begelei om in die mees onwaarskynlike omstandighede konstruktief nuwe tuiestes te bou. Dit was nie iets wat oombliklik gebeur het nie, maar 'n lang proses van geloofsgroei en vorming wat dikwels baie anders verloop as wat ons verwag.

'n Paar gedagtes wat vandag se sessie kom losmaak:


- God is vandag op 'n veel groter skaal in die wêreld en by mense betrokke as wat ons dink en glo. Die verwagting is nie dat ons dit vandag verstaan nie, maar eerder dat ons dit kan erken en dit ons help om op 'n konstruktiewe manier in ons omstandighede te leef.
- Die mensdom se pyn en lyding is dikwels die produk van hulle eie toedoen en nie altyd soseer dat God ons straf nie. Wat leer die ballingskap verhaal ons oor negatiewe siklusse wat verwoesting in ons lewens en samelewings bring?

Politiese en ekonomiese opbou na die Babiloniese ballingskap



Ons gaan kortliks in hierdie sessie na die hoof gebeure kyk wat tot die ballingskap aanleiding gegee het. Die langs geskiedenis van die Ou Nabye

Ooste was 'n konstante herhaling van dieselfde politieke en ekonomiese realiteite wat grootliks deur die verhandeling van kommoditeite beïnvloed is. Daar was altyd een koninkryk in die Ou Nabye Ooste wat polities en ekonomies bo ander uitgestaan het. As bewys van hulle onderdanigheid moes kleiner koninkryke die vereiste skatplig (belasting) betaal. Agteraf was daar egter 'n gedurige gekonkel waarin koalities tussen konings gesmee is om heersende koninkryke te onttroon om so hulle eie grondgebied te vergroot. Al die oorloë wat in die Ou Testament beskryf word, is teen hierdie politieke en ekonomiese agtergrond gevoer.



Israel was nooit as 'n wêreldmag in die Ou Nabye Ooste gereken nie en moes as 'n kleiner koninkryk homself gedurig polities en ekonomies posisioneer om maksimaal voordeel te trek. Hulle nasionalistiese ideale het gedurig met hulle godsdienstige verwagtinge verstrengel geraak, wat die perspektief by hulle laat ontstaan het dat

met God aan hulle kant geen ander koninkryk teen hulle sal kan uithou nie. Die verhaal van koning Josia waarby ons binnekort gaan uitkom, vertel oor hierdie misplaaste vertrouwe en geloof. Gee eers net 'n tree terug en dink aan die belofte wat God aan Abraham in Genesis 12:3 gemaak het: "In jou sal al die volke van die aarde geseën wees". Wat sou hierdie belofte beteken waar die volk te midde van ander koninkryke geleef het?

Dawid se koninkryk (c. 1000 vC)

Dawid en Salomo se koninkryk was hoofsaaklik te danke aan 'n magsvakuum in die Ou Naby Ooste wat hulle in staat gestel het om hulle landsgrense uit te brei. Onenigheid oor die betaal van belastings om die uitgawes verbonde om die koninkryk te finansier en dwangarbeid wat toegepas is om te bou, het egter tot die uiteindelijke agteruitgang en skeuring van die koninkryk in 930 vC gelei. Hierna het twee aparte geografiese en politieke entiteite naas mekaar bestaan wat met dieselfde godsdienstige ideale geleef het: God wil van "ONS" 'n groot nasie maak!




- **Die Noordelike ryk van Israel** (10 stamme) met Sigem as godsdienstige sentrum. Omdat die koning nie sy skatplig aan die Assiriese koning betaal het nie word die inwoners van Samaria in 722 vC. in ballingskap weggevoer. 'n Groot groep inwoners het na die Suidelike ryk gevlug om hulle daar te vestig.
- **Die Suidelike koninkryk van Juda** (2 stamme) met Jerusalem as godsdienstige sentrum. Omdat die koning nie sy skatplig aan die Babiloniese koning betaal het nie, word die mees ekonomiese deel van die bevolking in 597 en 586 vC. deur koning Nebukadneser II in ballingskap weggevoer.

Die ou profete (voor die ballingskap) se taak was om as adviseurs van die koning op te tree. Hulle boodskap was dus aan die konings gerig. Tydens en na die ballingskap, in afwesigheid van die konings, was die profete se boodskap aan die

volk self gerig. Die profete was 'n kritiese stem wat praktiese sake wat in die samelewing skeefgeloop het, kom uitwys het deur God se karakter te beklemtoon.

Josia se koninkryk (640-609 vC)

Die verwagtinge rondom koning Josia was baie groot. Hy is in die Bybel op gelyke voet geplaas met karakters soos Moses wat die volk uit slawerny gelei het en Dawid wat vir die eerste keer 'n koninkryk opgebou het. Te midde van Josia se sukses, het sy lewe en koninkryk tot 'n tragiese einde gekom en dit laat 'n mens met baie belangrike vrae.




Daar was nie voor hom nog so 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die Wet van Moses nie, en ná hom was daar ook nie so 'n koning soos hy nie
- 2 Konings 23:25 -

Soos in die tyd van Dawid en Salomo, was koning Josia van Juda (640-609 vC) se politieke sukses die gevolg van 'n magsvakuum in die Ou Nabye Ooste ('n tyd toe die heersende Assiriese mag aan die kwyn was en die Neo-Babiloniese koninkryk bekend as die Galdeërs, sterk na vore getree het). Josia het die politieke omstandighede aangegryp om 'n godsdienstige ideaal te laat herleef, naamlik om die verlore koninkryk van Dawid (die verenigde ryk) terug te wen. Hierdie ideaal het 'n politieke en godsdienstige komponent gehad.

2 Konings 22:8-9 vertel hoe die hoë priester Gilkija, in 622 vC die Wetboek van Moses in die tempel ontdek het (waarskynlik die inhoud van die boek Deuteronomium) en hoe die koning daarna 'n reeks godsdienstige hervorming in die land van stapel gestuur het. Hierdie gebeurtenis is belangrik omdat dit die eerste

aanduiding is van die bestaan van 'n tekstradisie in hulle godsdiens (ons gaan binnekort weer hierby uitkom). Die aanname is dat die boek wat gevind was, baie ooreenkomste het met die boek Deuteronomium. 'n Groep bekend as die Deuteronomisitiese geskiedskrywers, het in hierdie tyd 'n teks neergepen wat vanaf koning Hiskia se hervorming (716- 686 vC) vir die eerste keer sterk monoteïstiese beginsels neergelê het. Deel van hulle hervorming was om belangrike aanbiddingplekke soos Bet-El en Dan, wat in die Aartsvader verhale as belangrike plekke van ontmoetings met God aangedui is, te sluit. Jerusalem se tempel sou voortaan die enigste ware plek van aanbidding wees. Die godsdienstige tradisie het Josia se politieke ideale ondersteun. Hulle het in die geloof geleef dat God hulle godsdienstige getrouheid sal beloon en dat hulle op die punt van 'n glorieryke oomblik staan.

Op internasionale vlak was die Assiriese ryk in hierdie tyd aan die kwyn en is hulle uitgedaag deur die opkomende Neo-Babiloniese ryk van koning Nebukadneser II. Josia se koninkryk het die kant van die Neo-Babiloniese ryk gekies en die koning van Egipte, Neko II, die kant van die Assiriërs. Koning Neko van Egipte op 'n veldtog vertrek om die Assiriese mag te ondersteun en moes deur die noordelike deel van Israel reis. Josia het buite die grense van Juda gereis en hom by Megiddo aangeval in die geloof dat God aan hulle die oorwinning sal besorg. Josia is tydens die slag van Megiddo in 609 vC noodlottig gewond.



In die Bybel word die veldslag op twee plekke beskryf. Lees beide deur. Wat is jou indruk van 2 Kronieke se weergawe? Onthou dat die Bybelse geskiedenis op twee plekke in die Ou Testament herhaal word. Die eerste weergawe kry ons in 1-2 Samuel en 1-2 Konings en die tweede weergawe in 1-2 Kronieke.

- 2 Konings 23:28-30
- 2 Kronieke 35:20-27

'n Ander baie interessante verskil tussen die twee weergawes van die Ou Testament geskiedenis gaan oor die wyse waarop Dawid se verhaal vertel word.

- 2 Samuel 11 (Dawid pleeg owerspel)
- 2 Samuel 13 (Amnon, Dawid se seun verkrag sy halfsuster Tamar en Absalom vermoor sy broer Amnon)
- 2 Samuel 15 (Absalom steel Dawid se koninkryk en Dawid moet vlug).
- 2 Samuel 18 (Absalom sterf)

Waarom maak die weergawe van Dawid se lewe wat ons in 1-2 Kronieke kry nie, van hierdie verhale melding nie?

Koning Josia se dood het almal onkant gevang. Alhoewel die koning en volk hierdie keer alles presies reg gedoen het, het hulle godsdienstige ywer en hervormings hulle nie gered nie. Koning Josia se dood was die begin van die era wat die ballingskap sou inlei. Hierna het die koninkryk van Juda verswak. Die

- Joahas, Josia se seun volg hom op, maar word deur die Egiptiese koning Neko onttroon wat dan sy broer, Jojakim in sy plek as koning aanstel (2 Konings 23:28-34, 2 Kronieke 36:1-4).
- In 605 vC het die Neo-Babiloniese ryk die koalisie van Egipte en Assirië in Karkemis verslaan.
- In die tyd van koning Jojagin (597 vC) val Nebukadneser Jerusalem binne en in die tyd van koning Sedekia (586 vC) word die stad en tempel finaal afgebreek.



Onder die ballinge was 'n groep priesters. Voor die tempel deur die Babiloniërs vernietig is het hulle geskryf wat in die tempel was gered en met hulle na Babel saamgeneem. Dit was vir gelowiges onverstaanbaar dat koning Josia se koninkryk en hervormings misluk het. In ballingskap het 'n groep priesters 'n poging aangewend om die situasie te verklaar ('n tweede laag van die Deuteronomisiese geskiedenis). Hulle slotsom was dat koning Josia se voorgangers, koning Menasse en Amnon se sonde te groot was (Konings 21:1-26). Die impak van die Deuteronomistiese geskiedenis kan ook in ander boeke soos byvoorbeeld Genesis en in die profete boeke gesien word. Tydens die ballingskap het daar ook nuwe materiaal soos die boeke Klaagliedere, enkele Psalms, Esegieël, Jeremia en Jesaja 40-66 bygekom.

Nadat die ballinge in 539 vC toegelaat is om na Jerusalem terug te keer, is 1-2 Kronieke, Esra en Nehemia geskryf.

Die ballingskap periode (597-539 vC) het 'n baie groot politieke en godsdienstige transisie gebring

	VOOR DIE BALLINGSKAP	NA DIE BALLINGSKAP
GODSDIENS	Jahwisme. Die tempel, godsdienstige rituele en feeste.	Judaïsme. In die afwesigheid van die tempel het die <i>Torah</i> (die narratief van die eerste 5 boeke) nou sentraal gestaan. Die begin van die tradisie van die Joodse sinagoge. Na die ballingskap word sterk klem gelê op God wat oor die nasies regeer (nie net God van Israel nie, maar van die hemel en aarde)
POLITIEK	Die koning is die leier.	Priesters neem nou die leiding oor.

'n Kort opsomming van die kronologiese verloop van enkele Bybelboeke

PROFEET. MIGA - hy het in 737 - 696 vC as profeet opgetree en het beide die val en ballingskap van die Noordelike en Suidelike ryk voorspel. (Assiriese ballingskap in 722 vC en Babiloniese ballingskap in 597 vC). Vlughtelinge van die Noordryk het na 722 vC uit Samaria na Juda verhuis. 'n **Ekonomiese revolusie** het plaasgevind toe die sisteem van kleinboere met groter boere/eienaars vervang is wat 'n monopolie op die landbou uitgeoefen het. Dit is waarskynlik dat Miga hierdie transisie as boer eerstehands beleef het en die ekonomiese sisteem en selfsugtige materialistiese leefwyse wat dit bevorder het, afgewys. Arm en verdrukke mense is deur 'n ryker klas oorheers. Net soos Amos, spreek Miga hom uit teen sosiale ongeregtighede (vergelyk Miga 6:10-11 met Amos 8:5-6). Die priesterklas het net die belange van die invloedryke klas gedien en is daarom veroordeel. Miga lewer in hierdie politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede godsdienslike kommentaar.

PROFEET. JESAJA (1-39) - Hy was 'n tydgenoot van Miga en het verkondig dat God die koning van Assirië en Babilonië gaan gebruik om die bose kringloop van onreg, waarin veral arm mense uitgebuit is, tot 'n einde te bring. Sy boodskap van oordeel oor die volk loop dan uit op 'n boodskap van hoop as hy verkondig dat God deur dit alles tot seën wil wees vir die nasies.

PROFEET. SEFANJA - Hy tree net voor koning Josia se politieke en godsdienslike hervorming (640-609 vC) as profeet op en waarsku beide Juda en die nasies oor die impak van 'n dreigende politieke onstabiliteit en wanorde. Hy het mense se self gesentreerde en trotse houdings veroordeel, asook hulle vertrouwe op politieke koalisies om voorspoed te bring. Sy boodskap was nie bedoel om te veroordeel nie, maar eerder om te suiwer. God sal toesien dat geregtigheid geskied, maar tree ook daarin met liefde op.

PROFEET JEREMIA (Sefanja was sy mentor) - Hy beleef die tragiese agteruitgang vanaf koning Josia tot met Jerusalem se finale vernietig in die tyd van koning Sedekia. Soos die ander profete, waarsku hy dat 'n gebrek aan sosiale geregtigheid, ou Israel duur te staan gaan kom. Die boek laat 'n mens

met 'n sterk indruk hoe God deur internasionale politieke gebeure besig is om sy planne tot uitvoering te bring.

- Jojakim smee 'n koalisie met Egipte en versuim om sy skatplig aan die Neo-Babiloniese koning te betaal. Jojakim word deur sy seun Jojagin opgevolg. In 597 vC word Jerusalem deur die Babiloniese weermag ingeval en die eerste groep ballinge na Babel weggevoer (2 Konings 24:8 - 17).
- Nebukadneser II stel vir Sedekia as koning aan (2 Konings 24:18-20).

PROFEET. DANIËL - hy was deel van die eerste groep ballinge wat deur Nebukadneser se weermag in 597/6 vC na Babel weggevoer is. Die boek lê klem op die brutaliteit van koninkryke as hulle net hulle eie belang dien en verkondig dat God hulle mag sal konfronteer. Die Bybelboek wil gelowiges aanmoedig om getrou aan God se roeping in hulle omstandighede te leef.

PROFEET. ESEGIËL - was 'n priester wat saam met die eerste groep ballinge (597 vC) na Babel weggevoer is. Vyf jaar later, op sy 30 ste verjaarsdag, kry hy 'n visioen terwyl hy langs 'n waterkanaal in Babel sit. Hy verkondig die boodskap van God se teenwoordigheid in die heiden stad Babel (te midde van die afwesigheid van die tempel en verbondsark). Hy verkondig dat God nie sy volk in die steek gelaat het nie, maar in die ballingskap teenwoordig is en dat God in hierdie tyd hulle harte sal verander. Ook dat die tyd sal kom waarin hulle weer na Jerusalem sal terugkeer. "*Ek sal vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee. Ek sal die harde klip-hart uithaal uit julle liggame en Ek sal vir julle 'n sagte hart van vleis gee*" (Eseg 36:26).

PROFEET. HABBAKUK - tree as profeet op in die tyd van Jojagin en is ontnugter oor die verval wat hy om hom sien afspeel. Na koning Josia se godsdienstige en politieke hervorming het alles skielik sleg agteruit geloop. Die boek is 'n versameling van sy klagtes wat hy aan God rig. God laat die profeet verstaan dat hy besig is om die Neo-Babiloniese koninkryk te gebruik om die situasie in die Ou Naby Ooste te verander, waarteen Habakuk protesteer. Die boek eindig wanneer Habakuk, net soos Job, erken dat hy nie God se raadsplan verstaan nie, maar vrede vind in God se soewereiniteit. "Al sou ... nogtans!"

- Ook Sedekia kom in opstand teen Nebukadneser. In 586 vC trek die Babiloniese koning self in volle mag teen hom op en word Jerusalem en die tempel te vernietig. 'n Tweede groep word as gevangenis na Babel gebring.

BALLINGSKAP PERIODE (597-539 VC)

KLAAGLIEDERE & PSALMS - die boek Klaagliedere en sekere geselekteerde Psalms (44,74,79,80,85,89,102,106,123,137) verwoord die woede, verlies en ontnugtering van gelowiges wat in ballingskap vasgevang sit.

- In 539 vC verslaan die Persiese koning Kores die Neo-Babiloniese ryk en word die ballinge toegelaat om na Jerusalem terug te keer.

NA DIE BALLINGSKAP (539 VC)

ESRA & NEHEMIA. Die Bybel boeke Esra en Nehemia is geskryf as 'n voortsetting van die geskiedenis wat in 1-2 Kronieke vertel word (dit word die Kronistiese geskiedenis genoem) en is 'n herhaling van die geskiedenis wat in 1-2 Samuel en 1-2 Konings beskryf word. Die volk word daarin aangemoedig om die tempel te herbou terwyl die klem gelê word op God wat soewerein optree. Dit dra die boodskap dat God mense deur die loop van die geskiedenis vorm. Die boeke laat die indruk dat gelowiges hieruit moet leer en vir toekoms op God moet vertrou.

PROFETE NA DIE BALLINGSKAP: SAGARIA, HAGGAI en MALEAGI - skryf in die periode nadat die ballinge toegelaat is om na Jerusalem terug te keer en alles nie so rooskleurig is soos wat hulle verwag het nie.

Die totstandkoming van die Ou Testament



Die tradisionele siening waarmee moontlik die meeste van ons grootgeword het was dat die Ou Testament 'n kronologiese beskrywing was van die geskiedenis van die volk Israel. 'n Deeglike kennis van die geskiedenis van die Ou Naby Ooste, die kundigheid om tekste beter te kan ontleed, asook Bybelse argeologie wys daarop dat dit beslis nie die geval was nie. Die geskiedenis van die totstandkoming van die Ou Testament was 'n komplekse maar dinamiese proses waarin Bybel skrywers veel meer wou kommunikeer as rou geskiedkundige feite. Hulle het in die lig van gebeurde in die verlede en eietydse gebeurde teologiese interpretasies gemaak en wou daardeur getuig hoe God in hierdie wêreld by mense teenwoordig is en wat dit sou beteken om in geloof God na te volg. Hulle het nie gekroom om die foute en verleenthede van die verlede uit te wys nie.

'n Realiteit waarmee ons tradisionele verstaan van die totstandkoming van die Ou Testament nie rekening hou nie, is dat die Hebreeuse skryftaal in koning Dawid se tyd, nog nie ten volle ontwikkel was nie. Die oudste voorbeeld van 'n tipe proto-Hebreeus dateer eers in die tyd van Dawid (Khirbet Qeiyafa ostrakonc 1000 vC). Die proses hoe Bybeltekste ontstaan en binne godsdienstige tradisies gegroei het, is baie kompleks en daar bestaan nog baie onbeantwoorde vrae. Tog, kan ons die volgende lae onderskei wat op sig self 'n wonderlike getuienis lewer van hoe God mense tot verandering gelei het.



LAAG 1 (mondelinge en vroeë teks fase)

- God se besig wees met mense het vroeg neerslag gevind in die oortel van ou verhale en profesieë wat los van mekaar gestaan het.
- Lewers rondom die tyd van Dawid en Salomo is daar die moontlikheid van 'n ou tekstradisie.

LAAG 2 (1 ste weergawe van die Deuteronomistiese geskiedenis)

- Rondom die tyd van koning Josia (640-609 vC) het 'n sterk geskrewe tradisie ontstaan om ou verhale te versamel en oor te skryf (redaksie). Die klem is geplaas om die sentralisering van hulle kultus in Jerusalem (Joshua 8:30-35, 1 Konings 8: 14-43). Die basiese raamwerk van boeke van Deuteronomium - 2 Konings word as gevolg daarvan saamgestel.
- Ou plekke van aanbidding soos Bet-El en Dan waar Aartsvaders ontmoetings met God gehad het, is gesluit wat tot groot ongelukkigheid aanleiding gegee het (2 Konings 23: 9).

LAAG 3 (2 de weergawe van die Deuteronomistiese geskiedenis)

- Tydens die Babiloniese ballingskap het 'n groep priesters versamelings geskrifte (Deutr-2 Konings) met hulle saamgeneem en dit herinterpreteer om sin te maak van die tragiese gebeure van die verlede. Hierdie keer is die skuld nie net op die konings se ongehoorsaamheid geplaas nie, maar op die skouers van die volk (2 Konings 35-40). Dit is nie net Deuteronomium - 2 Konings wat kenmerke van hierdie tradisie bevat nie. Hulle standpunte het ook neerslag gevind in die Psalms en profete boeke.

LAAG 4 (Die Kronistiese geskiedenis)

- Die hele geskiedenis van die volk van Adam tot die terugkeer van die ballinge word weer herskryf, maar hierdie keer vanuit die oogpunt van gebeure na afloop van die Babiloniese ballingskap.
- Omdat die herhaling van Bybelse gebeure tot soveel verwarring kan lei, is daar oorweeg om hierdie boeke nie in die Ou Testament op te neem nie. Die Kronistiese geskiedenis het baie sterk klem gelê op die Wet van God, die Davidiese koningslyn, asook op die tempel. Let op hoe Dawid se foute, verleentheid en gebrokenheid soos beskryf in 2 Sameul in Kronieke oortel word nie (Dawid se owerspel met Batseba, die verleentheid van sy kinders en die gebrokenheid toe sy seun Absalom sterf).

